# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**22 NOVEMBER 2026** **Nr 47**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Predikant**: | *Ds Kobus Botha*<br>051 436 2930/082 410 7447 | **Skriba/ Koster:** | *Pieter du Plessis*<br>082 570 1804 |
| **Orrelis:** | *Louri Coetzee*<br>083 776 6989 | **Kerkkantoor:** | 051 436 2932/082 570 1804 |
| **Kantoorure:** | | | Per afspraak |
| **Diakonie:** | Voorsitter: *Muller Heyns*<br>072 469 7778 | **Posadres:** | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| **E-posadres** | | | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| **Susters:** | Voorsitter: *Ester Botha*<br>072 784 9451 | **Webwerf:** | www.gkbfnnoord.co.za |
| **Facebook:** | | | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| **Katkisasie:** | *Karien van Rooyen*<br>079 888 8910 | **Kassier:** | *Mariza Mosca*<br>082 405 8565 |
| **Lesotho Uitreik/ Evangelisasie:** | *Kerkkantoor*<br>082 570 1804 | **Kerk:** | ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065 |
| | | **Diakonie:** | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026 |
| **Zapper-kode vir kerklike bydraes:** | | **Sustershulpdiens:** | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 of<br>CAPITEC (470010) Tjekrek no 260 552 7731 |

### VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 22 Nov: Sr Gertie Venter | 084 206 0964 | 24 Nov: Sr Lizette Storm | 051 422 4811 |
| 23 Nov: Sr Herlina Pienaar | 083 562 1731 | 25 Nov: Sr Cara van der Bijl | 082 780 9717 |
| 23 Nov: Milan Mason | 076 339 1775 | 25 Nov: Br Louis Kotzé | 060 571 2866 |
| 24 Nov: Diak Danie Fourie | 082 408 9775 | 25 Nov: Br Morné Smits | 082 549 9564 |
| 24 Nov: Sr Hetta Steyn | 051 436 1290 | 25 Nov: Sr Nita Mekarnia | 082 572 2238 |

## BR HANNES CARSTENS OORLEDE

Met leedwese word die afsterwe bekend gemaak van

***br Johannes Hendrik Carstens***

van Pres Steynstraat 54 in die ouderdom van 74 jaar. Br Hannes se gesondheid het geleidelik verswak nadat hy 'n paar jaar gelede in die hospitaal was met ernstige longprobleme en is Maandagaand oorlede. Hy en sy eggenote, ***sr Maryke***, is sedert 2002 lidmate van ons gemeente toe hulle vanaf die GK Ladybrand by ons aangesluit het. Br Hannes was koster van ons gemeente vanaf September 2016 tot Oktober 2018.

Ons dra vir sr Maryke, hulle kinders en kleinkinders op aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader en ons bede is dat Hy in hierdie moeilike dae vir hulle ryklik sal vertroos en bemoedig. Die troosdiens vind DV Dinsdag, 24 November 2026 om 11:00, in ons kerkgebou plaas.

## SAKRAMENT VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word hierdie Sondag gevier. Lidmate van ander kerke wat by die kerkraad aansoek gedoen het om hier Nagmaal te gebruik, het die nodige toestemming en word saam met die gemeente hartlik daartoe uitgenooi.

Ons bede is dat die Here ons met die Nagmaal en Woord-verkondiging in ons geloof sal versterk. Ons weet maar alte goed hoe groot ons sonde en ellende is, maar ons weet ook dat dit nie die bedoeling van die Nagmaal is om die verslae harte van die gelowiges kleinmoedig te maak nie, asof slegs dié wat sonder sonde is na die Nagmaal mag kom. Ons kom juis na die Nagmaal omdat ons ons reinigmaking en saligheid buite onsself in Christus soek.

Ons noem weer dat daar ses kelkies met druiwesap op elke skinkbord is. Dit is teenaan die handvatsel geplaas en gemerk.

## LITURGIESE ORDE TYDENS EREDIENS

Ons gee graag die volledige besonderhede van die verloop van die erediens, aangesien dit afwyk van die normale omdat die Nagmaalsformulier ineengeweef word met die res van die liturgiese orde om sodoende 'n treffende eenheid te vorm.

- Votum en seëngroet
- Lofsang: ***Sb 1-6:1,2,3***
- Daarna, terwyl ons staan: Nagmaalsformulier: *Instellingswoorde*, gevolg deur
- Geloofsbelydenis van *Nicea*
- Nagmaalsformulier: *Selfondersoek*
- Sing: ***Sb 8-1:1,2***
- Nagmaalsformulier: *Gedagtenis*
- Gebed
- Sing: ***Ps 116:7,8,9***
- Skriflesing: ***1 Konings 6: 1-13 en vers 37***
- Preek
- Nagmaalsformulier: *Gebed*
- Sing ***Ps 23:3*** sittende
- Nagmaalsformulier: *Hartsverheffing*
- **Nagmaalbediening**
- Sing: ***Sb 17-3:1,2***
- Nagmaalsformulier: *Lofverheffing*
- Dankgebed
- Slotsang: ***Lb 510:1,2,3,4***
- Wegstuurseën

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die kollekte by die deure bestem is vir die ***Pres Kruger Kinderhuis*** te Reddersburg.

## GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Na Sondag se Nagmaalsdiens vind die gebruiklike en baie aangename Gemeente-ete om 11:30 in die *Wikus Vorster Saal* plaas. Elkeen wat die ete wil bywoon, moet asseblief hulle eie eetgerei en drinkgoed saambring.

Die koste daaraan verbonde beloop R60 vir volwassenes en R40 vir laerskoolkinders. Ons bedank graag die **Susters-bestuur** wat verantwoordelik is vir die reëlings.

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**<u>Gemeentebou aksies:</u>**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
    a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om ‘n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
    a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
    a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
    a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.
6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
    a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
    b. Daar is geleentheid om ‘n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en ‘n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

## ONS DINK AAN…

***Sr Elsabé Myburgh*** van Sewe Damme met die afsterwe van haar suster. Ons bid haar en ***br Tobie*** die troosryke nabyheid van die Here toe.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang
- Ds F (Floris) van Staden van GK Stilbaai na GK Bloemburg.
- Ds F (Floris) van Staden van GK Stilbaai na GK Wolmaransstad.

## LIDMAATREGISTER

- Met attestasie het oorgekom vanaf die Gereformeerde Kerk *Venterstad:* ***br Hercie en sr Estelle Venter*** woonagtig te Caritas Lifestyle Village 14.
- Opgeneem in die gemeenskap van die Gereformeerde Kerke: ***Sr Chantelle Loubser*** van CM van den Heeverstraat 11.

Ons heet hierdie lidmate van harte welkom in ons gemeente en vertrou dat hulle baie gelukkig hier sal wees!

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| ***Sondag 22 November*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| ***Sondag 29 November*** | Nabetragtingsdiens |
| | Kerssangdiens |
| ***Woensdag 09 Desember*** | Skole sluit |
| ***Woensdag 16 Desember*** | Versoeningsdag - Geloftediens om 09:00 |
| ***Vrydag 25 Desember*** | Kersdag – Erediens om 09:00 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge?
Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?
Hy het sy eie seun nie gespaar nie, maar Hom
oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy dan nie
al die ander dinge saam met Hom skenk nie?
Romeine 8:31,32







- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr









***Ons jaarlikse Kerssangdiens gelei deur ds Kobus word DV volgende Sondagaand in ons kerkgebou gehou. Daar gaan na die diens lekker gesellig saam gekuier word in die Wikus Vorster Saal waar ligte verversings geniet kan word. Lidmate wat dit wil bywoon, moet asseblief hulle name op die geel vorm in die voorportaal aanbring. Ons bedank die Susters van harte vir die reëlings. U is baie welkom om u familie en vriende saam te bring!***




# ROLBALAAND onder die ligte
# Gereformeerde Kerk Bfn-Noord

**Datum: 29 Januarie 2027**
**Tyd: 16:00 tot laat**
**Plek: Oud Studente**
**Koste: R600 per span van 4**
**Braaipakke beskikbaar**
**Kontantkroeg beskikbaar - ondersteun hulle asb.**

**Kontakpersone:**
**Francois 082 796 7196**
**Louis 082 651 0001**



President Kruger Kinderhuis Reddersburg

Ons gee om




# Sekretaresse
## POS BESKIKBAAR

Die President Kruger Kinderhuis in Reddersburg
is op soek na 'n professionele, betroubare en georganiseerde
**Sekretaresse** om ons span te versterk.

## Vereistes:

- Betroubaar en pligsgetrou
- Sterk administratiewe ondervinding
- Netjies en aandag aan detail
- Uitstekende telefoon etiket
- Goeie organisatoriese vaardighede
- Vriendelike en professionele houding
- Vermoë om onder druk te funksioneer
- Ondervinding in Microsoft Programme, soos Word, Excel en Outlook
- Moet met Borge & Donateurs kan werk, en goeie verhoudings kan bou
- Moet bereid wees om sekere naweke te werk, asook dele in die vakansie
- Moet altyd respekvol teenoor die kinders en personeel optree

*Sluit aan by 'n organisasie waar kinderwelstand voorop staan!*

**Stuur CV's na:**
Jacow@reddersburgkinderhuis.co.za of
Christiaans@reddersburgkinderhuis.co.za.

**Sluitings Datum : 20 November 2026**

*Vir meer inligting, kontak die Bestuur.*